PREEKNOTABLAADJIE
So. 6 Feb. 2022

In Jesus Spore in 2022:
Denke…volgens God se wil

In die geskiedenis van die mensdom het drie klein woordjies mense eeue lank gefassineer: *"Wie is ek?"* Hierdie vraag het digters na die skoon bladsye genooi, filosowe het ure daaroor gedebatteer, sielkundiges soek hoog en laag, neuroloë doen navorsing en teoloë vra die vraag na Bo. Duisende jare gelede het daar al op die Griekse tempel Apollo geskryf gestaan: Ken jouself!

Die antwoorde op hierdie vraag het deur die eeue heen baie van mekaar verskil, want verskillende mense vind hulle identiteit in verskillende goed:

- Sommige mense dink hulle identiteit lê in _____ **dinge** soos hulle beroep, hulle geleerdheid of hulle opvoeding; ander mense dink hulle identiteit lê in hulle liggaam – vb. van jongman in VA-badkamer, no gander maak staat op hulle gesondheid. Vir sommige mense is dit in materiële dinge geleë: kleredrag, huis of `n motor. Status, prestasie en sukses/mislukking speel ook heel dikwels `n rol.

- Party kyk **na binne** op soek na vraag "Wie is ek?": hulle kyk na hulle temperament, persoonlikheid, gedagtes, drome, wil en emosies. Baie mense vind daarin groot hulp om iets meer van hulleself te verstaan en leer ken. Daar kort egter nog dimensies van menswees in die antwoorde.

- Ander kyk weer **na** _____ om 'n antwoord op die vraag te kry. Die ervaring van wie ek is word bepaal deur my eggenoot/e, gesin, familie, vriende of kollegas. Ek vind my identiteit in hulle oë. Die gevolg is baie keer dat mense hulself en hulle identiteit verloor.

"If I am what I have and if I lose what I have who then am I?" **- Erich Fromm**
In sy boek *To have or to be?* tref hy 'n belangrike onderskeid tussen wat dit beteken om te wees/"is" (being) en wat dit beteken om te hê (having).

Sy gedagtes sluit baie aan by wat Paulus oor _____ sê…

TEKS: Fil. 3:1-16

Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik

sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo.

Fil. 3 help ons met die antwoord op: "Wie is ek?"

1. Waar jy **nie** jou ware identiteit sal vind **nie**
2. Waar jy **wel** jou identiteit kan **vind**
3. Hoe jy kan _____ in jou identiteit

Balansstaat volgens Paulus:
Bates vs. Laste…_____!

*Maar wat eers vir my 'n **bate** was, beskou ek nou as _____ ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as **enigste bate** kan verkry en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo.*

Nuwe identiteit in Christus: *"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God."*
2 Kor 5:16

"Not only do we only know God through Jesus Christ,
but we only know ourselves through Jesus Christ;
we only know life and death through Jesus Christ.
Apart from Jesus Christ we cannot know the meaning of our life
or of our death, of God, or of ourselves."
Pascal (Pensées, 417)

Terug by Romeine 12…
*"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle **verander** deur julle denke te vernuwe."*

1 Kor 13:13:
*"En nou: **geloof**, **hoop** en **liefde** bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"*

DINK nuut…volgens God se wil